LAERSKOOL KRUGERPARK

DURF AAN EN VOLHARD

**SKOOLBELEID – SOSIALE MEDIA**

Laerskool Krugerpark moedig die gebruik van sosiale media aan en as skool erken ons dat dit belangrik is vir die gemeenskap. Dit kan tot voordeel van die skool en gemeenskap aangewend word en onder die groter publiek 'n positiewe invloed deurgee. Moderne tegnologie is en bly 'n wonderlike kommunikasiemiddel. Facebook, Whatsapp en die School Communicator is belangrike instrumente om inligting weer te gee.

Krugerpark het 'n amptelike Facebook blad wat noukeurig gemonitor word. Nuwe inligting word gereeld geplaas asook foto's wat deur amptelike fotograwe en personeel geneem word. Dit is nie moontlik om alle leerders op Facebook te plaas nie of die aktiwiteite waaraan hulle deelneem nie. Leerders en ouers word vriendelik genooi om foto's en kort beskrywings aan die skool te verskaf waarop die aangewese personeel dit sal plaas op die blad.

Geen politieke of enige afbrekende materiaal sal op die Facebook blad toegelaat word nie. Krugerpark wil 'n positiewe manier van werkswyse met ons ouers handhaaf deur middel van sosiale media. Ons wil die beeld van die skool nie skade berokken nie. Die Facebook bly 'n publieke forum en die misbruik kan lei tot ernstige gevolge.

Die gebruik van Whatsapp-groepe word toenemend deur leerders, ouers en onderwysers gebruik, dus moet sekere etniese kwessies ter sprake, te alle tye met verantwoordelikheid geskied.

Personeel, ouers en leerders moet hierdie kommunikasiemiddels slegs vir die regte redes gebruik. Waak daarteen om mense te kritiseer en sleg te sê of selfs oorlog te maak. Waak ook om persoonlike probleme hier te bespreek. Onthou u kan vir naamskending en nog ander oortredings vervolg word, indien u individue bespreek wat se eer en waardigheid aangetas kan word.

Indien u 'n probleem met 'n onderwyser, die skool of individu het kontak die skool direk sodat die probleem daar beter hanteer kan word. Mense sê gewoonlik in 'n oomblik van swakheid iets wat nie weer teruggetrek kan word nie, dus maak seker van u feite alvorens u optree.

Ouers wil nie hê dat hulle bespreek moet word nie en so ook nie die onderwyspersoneel nie.

Dus opsommenderwys, moenie sosiale media gebruik om persoonlike probleme ten opsigte van die skool aan te spreek nie, daarvoor is ander forums beskikbaar. Laerskool Krugerpark het nog altyd 'n oopdeur beleid en word alle gevalle met meriete opgevolg en aangespreek. Die skool kan slegs iets opvolg mits ons daarvan weet; ons kan dalk nie die probleem alleen oplos nie maar ons kan 'n poging aanwend en saam na 'n oplossing soek. Onthou ons as skool kyk na meer as 950 leerders en nog ouers se voor- en afkeure en rondom dit moet die skool 'n middelweg vind.
Die skool doen 'n beroep op u as sosiale media gebruiker om verantwoordelik op te tree.

Dankie

GETEKEN TE **MOKOPANE** OP HIERDIE **30ste** DAG VAN **SEPTEMBER 2018**

____________________________ ______________________

Beheerliggaamvoorsitter

Hoof: Laerskool Krugerpark